

# Stappie



NUUSBRIEF VAN DIE ATLETE VIR CHRISTUS  
BLOUVLEIWEG 56, WELLINGTON 7655

JAARGANG 20, NOMMER 2

SEPTEMBER 2013

## Merkwaaardige verkiesing



Die toerleiers vir 2014 is pas aangewys. Hulle is **Johan Kellermann** (S11,A12,13,14) en **Janneke Marais** (P11, S12,13). Hulle is beide tweede geslag Atletes. Wat hulle verkiesing merkwaaardig maak, is dat hulle ouers ook leiers van *Atlete vir Christus* was.

Johan is die seun van ds **Giepie** (A84,85, 86,T09,11) en **Elizma** (Le Roux) **Kellermann**. (S84,85,86). Giepie was in 1986 toerleier. Janneke is die dogter van dr **Frederick Marais** (A78,79). Frederick was in sy laaste toerjaar leier. In hierdie gevalle het die appel baie naby aan die boom geval. Ons hartlike gelukwense aan die twee en die onderskeie ouerpare. Nog foto's op bladsy 3.

## Reünie volgende jaar!

Volgende jaar vind die 40ste toer van *Atlete vir Christus* plaas. Daar word reeds hard gewerk aan die beplanning van 'n reünie. Jy moet nou reeds 'n aantekening van die datum maak: **10-12 Oktober 2014**. Dit is die laaste naweek van die



skoolvakansie. Die reünie sal in die Boland plaasvind. Die voorsitter van die kernkomitee is **André Huisamer** (A05,06, 07,09), links op die foto. Die ondervoorsitter is **Tobie Lourens** (S02,A03,S04). Hy het reeds vertrek toe die foto geneem is. Die ander lede is **Carla Venter** (P04,05,S06,07) volgende jaar se leiers **Johan Kellermann** en **Janneke Marais**, **Kobus Swarts** (S78, 79,A80) en **Jeanette Marais** (A10,11,12,13). Daar word 'n interessante program beplan wat voorsiening maak vir aanhangsels en kinders. Volledige besonderhede sal vroeg aanstaande jaar uitgestuur word. Beplan solank volgende jaar só dat jy Oktober in die Kaap kan wees. Ons wil jou graag daar hê.

## Blokkiesraaisel



Dit is maar die afge-lope paar jaar dat baie Suid-Afrikaners graag blokkiesraaisels invul (soos dié wat in *Huisgenoot* en dagblaai verskyn). In Amerika is dit anders. Daar het dié gier al in die vroeë 1940's posgevat. Dit is veral die *New York Times* se blokkiesraaisels wat die toon aangee sedert die legendariese Margaret Farrar van 1940 tot 1960

dié koerant se blokraairedakteur was. Die hoogtepunt van Amerika se blokraaikalender is die jaarlikse Nasionale Amerikaanse Blokkiesraaiseltoernooi waar begeesterdes in New York teen mekaar meeding.

Onder die woordgieriges wat aan vanjaar se toernooi in Maart deelgeneem het, was **Gerda Engelbrecht** (S92,93,94,95). Gerda vertel dat sy tot tien woordraaisels per dag invul en koop tien blokraaiboeke per maand. Gerda is tans die redakteur van *Huisgenoot* se blokraaie. Sy stel ook blokraaie vir ander publikasies, soos *Finweek*, op.

Om saam met Gerda deur 'n blokraaiboek te blaai is 'n studie in entoesiasme: 'Kyk net die simmetrie!' En 'n paar bladsye verder: 'n Mens wil sommer dié een op 'n tafeldoek laat druk vir jou troue.'

Benewens die tradisionele blokraaie en blokkiesraaisels, stel Gerda ook vryvorm-blokkiesraaisels (onsimmetries), koderaisels (waar lesers die raaisel met syfer-woord-kombinasies voltooi) en ander variëteite op. Gerda dra altyd 'n boekie saam met haar rond. En as iemand 'n oulike woord sê, teken sy dit op. "By die Michael Buble-konsert vroeër vanjaar het hy op die verhoog gesê iets is 'la-di-da'. En toe dink ek: Oe, dis 'n lekker woord." **S**

### Besonderhede vir bydraes

*As jy vir **Atlete vir Christus** 'n bydrae wil maak, is die bankbesonderhede soos volg:*

*NG Kerk Stellenbosch*

*Nedbank, Business Winelands*

*Rek: 1498043232 (Tjek) Takkode: 149821*

*Verwysing: AvC*

## Moenie verstrengel raak nie

"My eerste toer op *Atlete vir Christus* was 'n ongelooflike ervaring. Tussen al die lekker tye is daar 'n paar oomblikke wat in my gedagtes vasgebrand sal bly," vertel **Pieter Gildenhuis** (A13).



*Pieter (in die middel) saam met Stephan Nieuwoudt en Janneke Marais*

"My eerste tronkbesoek was baie besonders. Ek het glad nie geweet wat om te verwag nie. Toe ek egter voet in die tronk sit, het daar 'n reuse stryd in my kop begin met 'n paar vrae wat ek my moes afvra. Ek het vir die eerste keer 'n bietjie insig gekry oor wat God bedoel het dat ons almal gelyk is. Die persone wat in die tronk sit, is daar as gevolg van 'n fout wat hulle êrens gemaak het. Ek weet egter dat ek al baie foute gemaak het. Die feit van die saak is dat ons as mense 'n maatstaf geskep het waarteen ons meet hoe sondig mense is en wat die ooreenkomstige straf is. God het nie 'n maatstaf nie.

"Verder het ek geleer hoeveel vreugde 'n mens daaruit put as jy alles tot eer en verheerliking van sy Naam doen (dit was die Bybelvers wat my skofnommer, by die tweede skoftrekking, vergesel het). Dit het vir my elke dag gevoel dat ek met God se werk besig was en nie verstrengel was in my eie wêreld nie. Alles wat ek gedoen het, was om sy Naam groot te maak. Dit het gevoel of dit die uitkyk van almal rondom my was. Ek wil vir die res van my lewe nooit verstrengel raak in my eie wêreld met my eie aardse probleme nie. Ek wil vir God verheerlik, sien en ervaar in alles wat ek doen. Dit was vir my 'n voorreg om saam met al die spesiale mense te toer. Ek dank die Vader dat Hy my die geleentheid gegee het om hierdie toer te kon beleef.

## Harde dankbaarheid



**Mariet van Rensburg (P11,A13)** sê: “Wat ’n voorreg om deel te kon wees van so ’n ervaring soos die Atlete-toer van 2013! Dit was ongelooflik hoe die Here ons be-derf en bedien het, al was ons eintlik juis op hierdie toer om ander te kan bedien!

“Ek wil jou vertel van my dankbaarheid (wat ek op die harde manier moes leer):

“Ek was bevoorreg om vanjaar my tweede toer mee te maak, maar my eerste een as drawwer. Dit was ’n wonderlike ervaring en ook die eerste maal wat ek die Here so stem SO duidelik gehoor het soos op die oop, stil pad. Hy het soveel van sy wysheid, liefde en almag betoon in die natuurskoon, die span se ondersteuning uit Ouboet en ook deur die manier hoe Hy my gedra het deur elke skof se laaste 4 kilo’s. Maar in die tweede week het my linker knie ingegee (Runner’s Leg) en kon ek (ironies genoeg) op die kortste skof van die toer skaars 4 km klaarmaak: op daardie oomblik ’n reuse teleurstelling en antiklimaks, maar in retrospeksie ... ’n kosbare lewensles:

“Ek het vir drie dae uitgesit en op die vierde dag, toe my tekkies na groot afwagting die teer slaan, het die Here die volgende aanhaling op my hart kom druk: *What if you woke up with the only things you thanked God for last night?*

“Hoe dikwels aanvaar ons nie ons fisieke gesondheid as vanselfsprekend nie? En so ook: ons familie, ons voorreg om te kan studeer/’n werk te hê, ons vriende, ons maaltye, die dak oor ons kop, ons warm bed as die Bolandse winter so knou.

“Die Here sê in Kol 3:15-17 *Laat die vrede van God, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers en wees dankbaar.* Ons dien ’n getroue God ♥.”

## ’n Borg vir Ouboet en ander hulp

Atlete vir Christus beplan om vir die 40ste keer te toer! “Ons is reeds hard aan die werk om die toer so suksesvol as moontlik te laat verloop,” sê volgende jaar se leiers. “Ons benodig egter oud-Atlete se hulp om dit te laat gebeur.

“Soos almal weet, is dit elke jaar ’n groot uitdaging om bussies in die hande te kry. Ons wil graag volgende jaar weer ’n kombi gebruik wat as Knusbus of Kleinboet kan dien. As daar enigiemand is wat ons kan help om so ’n bussie in die hande te kry, of wat so ’n bussie vir ons sal borg of kan help daarmee, sal ons dit baie waardeer. Hulp of enige kontakte vir die reël van Ouboet, sal ook waardeer word.

“Indien daar iemand is wat kan help met ’n lekker kampterrein of blyplek vir die span in die Port Elizabeth-omgewing, sal dit waardeer word. Dit is met die oog op ons voortoerkamp. Dit is vir ons ’n belangrike saak, aangesien dit bepalend vir die toerroete is.

“Ons sien uit om van julle te hoor!

“Julle weet mos ons is vriendelike mense, so kontak ons gerus.”

**Johan Kellermann** 072 913 4448; epos: 16550757@sun.ac.za

**Janneke Marais** 082 831 6165; epos: 17004322@sun.ac.za

## Leiers se leiers



**Giep (A84,85,86,T09,11) Kellermann** was in 1986 toeleier, en sy seun **Johan** is volgende jaar se leier.



**Dr. Frederick Marais (A78,79)** was in 1979 toerleier en sy dogter **Janneke** is volgende jaar se leidster.

## Benoemde



**Elsabet (Burger) Louw (S81,82)** was vanjaar een van die benoemdes as *Bloemfonteiner van die Jaar*. Prof. Stephen Brown van die UOFS se Departement Pediatrie is as wenner aangekondig. Elsabet is getroud met **Jaco Louw (A80,81,82)** wat saam met haar op die foto verskyn.

## My Spaanse kinders

**Joggie van der Merwe** (S00,02) vertel dat hy tans drie kinders deur middel van 'n organisasie genaamd *Compassion* borg. Dit is 'n Amerikaans-gestigte Christelike organisasie wat verskeie takke in ander eerste-wêreldlande het. *Compassion* werk in vennootskap met kerke in armer lande en fasiliteer, buiten maandelikse finansiële ondersteuning, ook die skryf van briewe en besoeke aan kinders wat geborg word. By die projek word daar sekere klasse vir die kinders aangebied en die kinders word met huiswerk gehelp (enige akademie wat in die projek verskaf word, is slegs aanvullend tot hulle gewone skoolwerk). Verder word hulle mediese sorg gebied, 'n maaltyd per dag gegee, van noodsaaklike klere voorsien en van die Here geleer.



*Joggie en Edward*

Joggie vertel dat twee van sy kinders in Suid-Amerika woon – een in Bolivia en die ander in Colombia. Joggie kan Spaans vlot praat en skryf. Hy is al etlike jare in daardie omgewing doenig, maar is tans weer op eie bodem. “Buiten dat ek dit geniet om vir my kinders te skryf en ook om van hulle te hoor, sien ek die borgskap as 'n baie belangrike deel van my Christenskap. Ek glo dis 'n goeie werk wat die Here vir my voorberei het. Ek het aan die begin van die jaar die geleentheid gehad om vir die tweetjies in Suid-Amerika te gaan kuier. Ek het eers vir Edward in Bolivia gaan kuier. Die mannetjie is 6 jaar oud en was glo vir weke lank opgewonde oor my koms. Om die waarheid te sê, was ek net so opgewonde om hom te ontmoet. Ná weke se afwagting het die groot dag uiteindelik aangebreek. Ek is deur 'n dame wat by die projek werk by my hotel opgetel en na die projek geneem waar klein Edward my gretig ingewag het. Dit was 'n wonderlike ervaring om hom, een van sy sussies en ook sy ma in persoon te kon ontmoet. Soos 'n baba bobbejaantjie aan sy ma se maag klou, het dié outjie elke nou en dan my been vasgegryp. Een van die hoogtepunte was toe hy besef het dat die Lego Batman boksie nie 'n ontbytgraan-boks is nie. Dit was groot pret om Batman saam aanmekaar te sit, maar Batman was vir eers vergete toe hy die sokker

bal ontdek wat ek ook vir hom gegee het. Soos enige Suid-Amerikaanse seuntjie is hy gaande oor sokker en ons het eers 'n bietjie bal geskop voordat ek op 'n toer van die projek geneem is. Dit was ook lekker om 'n bietjie met sy ma te gesels en om te sien waar hy woon. Nog 'n hoogtepunt (ek dink vir beide van ons!) was 'n besoek aan sy gunsteling restaurant vir hamburgers en roomys.

“My volgende besoek was aan die sewejarige Yeferson in die noorde van Colombia. Ek is ingewag deur 'n klompie ouers en personeel van die projek wat in twee rye oorkant mekaar gestaan en my met 'n Suid-Amerikaanse weergawe van die Tonnelitjie begroet het (eerder as om hande vas te hou het hulle hande geklap). Daarna is 'n liedjie aan my opgedra, die pastoor het 'n kort preek gelewer en ons het saam middagete geëet. Hulle my ook oorlaai met allerhande geskenke. Alles 'n bietjie oorweldigend, en alhoewel ek die stiller eerste besoek in Bolivia verkies het, was dit wonderlik om die dankbaarheid te sien van almal wat by die projek betrokke is. 'n Mens kon sien hoeveel ons as borge se hulp vir hulle beteken. My maandelikse bydrae het nie 'n vreeslike groot impak op my eie lewe nie, maar dit maak beslis 'n groot verskil aan die kind en selfs die ouers se lewe. 'n Verdere hoogtepunt van my tweede besoek was om al die foto's en poskaarte wat ek vir Yeferson gestuur het, in sy huis opgeplak te sien.

“Ek sal beide besoeke vir die res van my lewe onthou. Om mense in moeilike omstandighede te sien, gee jou 'n gesonde dosis perspektief en herinner 'n mens daaraan om dankbaar te wees. Die realiteit is dat die meeste van ons se bekere oorloop en dat ons ons eie seëninge kan gebruik om ander mee te seën.”



*Tydens vanjaar se toer het Johan (Balpie) op tradisionele manier verjaar*

## Groen skoelappers

**Esther (Pretorius) van der Westhuizen (S80,81)**, die eienaar van *Butterfly World* by Klapmuts, is tans die ondervoorsitter van die uitvoerende komitee van Paazab (die Afrika-vereniging van Dieretuine en Akwariums). Dié vereniging se 24ste konferensie en jaarvergadering is vroeër vanjaar by Club Mykonos, Langebaan, gehou. Die tema van die byeenkoms was *Dieretuine en Akwariums van die toekoms*.

Paazab is in 1989 gestig. Die doel is om *bona fide* dieretuine en akwariums op die Afrika-vasteland te verteenwoordig en bewaring deur samewerking te bevorder. Die vereniging het tans 70 lede in 12 Afrikalande. Die konferensie word deur die direkteure, kuratore en senior personeel van die verskillende instansies bygewoon. Suid-Afrikaanse instansies wat betrokke is, is onder meer



die Twee Oseane-akwarium in Kaapstad, uShaka Marine World in Durban, die

Johannesburgse Dieretuin, die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika en Butterfly World. By die geleentheid het Esther 'n referaat gelewer met die tema: *How Green is my Butterfly World!*

## Klub 50



*Dawid Saayman (A10,11,12,P13) kry sy Klub 50*

## Dis in my bloed



*Henk saam met Janneke Marais*

“Dis vanjaar my tweede toer wat ek op *Atlete mee-maak*,” sê **Henk Laubscher (S12,13)**. “Ek het hierdie jaar se toer heeltemal anders ervaar as laasjaar; alhoewel dieselfde gees van ‘familie’ geheers het. Aan die begin van die toer het ek my voorgeneem om nie

die mense of situasies van die vorige toer te probeer vergelyk met 2013 se toer nie, en ek is aangenaam verras.

“Ek as mens het ook ongelooflik baie in die afgelope jaar gegroei en dit het tot gevolg dat ek die lewe ’n bietjie anders sien en ervaar as voorheen. Hoe meer jy in die lewe leer en hoe meer nuwe ervarings jy meemaak, ontwikkel jy ’n vaardigheid om elke liewe situasie ten volle te geniet en ook om elke geleentheid wat die lewe bied, aan te gryp.

Die ongelooflike hiervan is om dit met ander te deel en hulle ook in te lig om in die klein dingetjies wat ons elke dag beleef die mooi raak te sien.

Die lewe het maar sy stampe en stote, maar ons as die geloofsfamilie is daar om mekaar te ondersteun in die swaar en moeilike tye. As ek ’n afdag ervaar, is daar altyd iemand wat my kan bemoedig en so bemoedig ek weer ander wanneer hulle dit nodig het.


“*Atlete* is een van daardie ervarings wat jy nie eintlik kan verwoord nie, maar woorde is nie die enigste manier van kommunikeer nie, daarom sing, gesels en draf ons tot sy eer, soos die slagspreuk sê. Waar jy ook al met mense te doen kry, kan jy deur jou optrede ’n positiewe verskil maak. Jou lewenswyse moet van so ’n aard wees dat ander nie net na jou sal kyk en sien dat jy anders is nie, maar dat hulle ook sal begeer om te deel in die oneindige liefde en deernis wat hulle sien.

“Die besluit om vir, deur en total afhanklik van *Hom* te leef is die lewenswyse van *Atlete*.”



Die *Atlete* in Henk se bloed, is nie net daar vanweë sy eie ervarings op twee toere nie; hy is daarmee gebore. Sy pa, **Kobus (A75,76)**, was een van die eerste *Atlete*.

## Klein Karoo Klassique



*Leon tydens een van die koor se repetisies*

Tydens die onlangse Klein Karoo Klassique-fees op Oudtshoorn het die optrede van die Kaapstad-jeugkoor onder leiding van **Leon Stalker** (S82,83,A84,S85,A87) groot indruk gemaak. Hulle het in die St Salvador-katedraal op die dorp opgetree en kon nie vir beter akoestiek gevra het nie. Hulle program van 80 minute het die gehoor op 'n betowerende reis om te die wêreld geneem met musiek van onder andere Mendelssohn, Poulenc, Byrd, Bob Dylan en Moses Hogan. Hulle het ook 'n stuk gesing waar van die koorlede hulle vermoë om botoonsang te kan beoef, vertoon het. Dit het duidelik 'n groot indruk op die gehoor gehad.

## Die einde



Vanjaar se toer het weer in styl klaargemaak toe die tien drawwers met groot dankbaarheid op 'n pragtige wintersdag die yskoue water by L'Agulhas, die suidelikste punt van Afrika, aangedurf het. Die toer het ook by die see, by Pater-noster, weggespring.

## Toekenning

By 'n onlangse toekenningsremonie in Port Elizabeth het **Louis Fourie** (A08), as Kontraktebestuurder van GUD Holdings, 'n merietetoekenning van General Motors Suid-Afrika in ontvangs geneem. General Motors het GUD Holdings vir die derde agtereenvolgende jaar as die Meriete Verskaffer in die Onderhoud- en Herstelwerk-kategorie erken. By die geleentheid het Louis gesê dat hy bly en dankbaar vir die toekenning is wat die hoë kwaliteit en diens wat hulle aan General Motors verskaf, erken. Die jaarlikse Meriete-toekenning neem vier kategorieë in ag: gehalte, diens, tegnologie en prys. Die spoggeleentheid is deur al die belangrike mense in die motorbedryf in Suid-Afrika bygewoon.



*Louis Fourie (derde van links) ontvang die Meriete-toekenning van grootbase van General Motors Suid-Afrika*

## Stilbaai-pret-draf



**Winia (Fischer) Janse van Rensburg** (A98) en haar man Bertus staan aan die stuur van Stilbaai se jaarlikse NSRI 10 km Pret-draf. Op Oujaarsaand word die jaarlikse fonds-insameling van stapel gestuur.

## Die bult word toe 'n pas

“Vanjaar se toer was vir my weer eens 'n belewenis,” sê **Gideon Swanepoel** (A12,13) “Ek het net besef hoe bevoorreg ek is omdeel van Atlete te wees. Ek het wonderlike vriende gemaak wat ek vir niks in die wêreld sal verruil nie. Daar is twee skofte wat vir my uitgestaan het waarvan ek graag wil vertel.



“Met my oefeninge vóór die toer het ek weer besef dat ek en opdraendes nie vriende is nie – selfs die ou klein bultjie op pad Jonkershoek toe is erg genoeg (en dis maar seker 500 m op die verste, indien ooit so ver!). Met die skoftrekkings het almal geweet dat Skof Drie die ‘gevreesde’

skof is aangesien hierdie atleet die Gydopas net buite Ceres sal moet aandurf. Ek was sielkundig gereed om nr 3 te trek, maar is toe gelukkig genoeg om die vierde skof te hardloop – wat beteken ek gaan die pas net mis.

“Wel, dit is wat ons almal gedink het, totdat oom Pierre (toerpa) my op Moorreesburg tydens die Brassie ingelig het dat sy vrou die vorige dag die pas gaan ry en besef het dat ek die helfde van die pas gaan kry. Net daar sak my moed in my skoene. Net voor ons van die Brassie vertrek het, het die dominee van Moorreesburg vir ons gebid en onder andere het hy Psalm 121 aangehaal wat sê: ‘Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.’ En soos wat hy dit bid, druk Marnu my skouer (nie met opset nie) en toe voel dit op daardie oomblik asof daardie vers spesifiek vir my bedoel is.

“Die volgende oggend het ons in die middel van die pas gestop en toe moes ek maar begin hardloop – met die woorde van Psalm 121 in my kop. Ek het geglimlag en geweet dat God my sal dra. Ek het die pas gemaklik uitgehardloop sonder om een keer te stop (moontlik omdat ek van die Rooikatte wou wegkom nadat Pieter my bang gepraat het).

“Toe ek die Kleinboet bo-op die pas kry, kon ek nie glo dis al 4km later nie. Ek het die res van die 17 km met 'n glimlag op my gesig voltooi – werklik een van my lekkerste skofte.

“Die volgende oggend hardloop ek toe eerste uit Clanwilliam – 'n 15 km skof. Dit het begin met die pad wat baie geleidelik opgaan, maar niks te ernstig nie. Ek was net uit die dorp uit toe Kleinboet by my kom en vir my sê hulle moet omdraai om petrol in te gooi. Ek het baie lekker gehardloop en toe ek die bordjie sien wat sê dis 'n kloof, toe is ek sommer in my skik – toe dink ek: wat lekkerder kan ek nou nie kry om hier in 'n kloof te hardloop nie, aangesien daar nie veel opdraende gaan wees nie.

“Ek het toe begin met 'n bietjie van 'n klim. Nadat Kleinboet reeds verby my is, het ek by Ouboet gekom ná 'n redelike opdraend. Hulle het vir my gesê ek is op 8,9 km (ek het gedink dis my beste 9 km van my lewe). Net voordat ek weer op pad is, onthou hulle dat die terugdraai dorp toe se kilo's nog nie afgetrek is nie, maar nietemin sê ek toe hulle kan my maar op 13 km kry (want ek het gedink ek is op 8 km).

“Ek begin toe maar weer hardloop en die opdraend kry nooit end nie (in daardie stadium het ek nie geweet dit is 'n 12 km pas wat ek besig is om aan te vat nie).

“Daar is lang, reguit gedeeltes – en ek kan nie verstaan hoekom ek nie die bussie se flikkerligte kan sien nie. Elke keer wat daar 'n draai kom, raak ek opgewonde, want die bussie behoort seker net na die draai te wees. Maar elke keer is daar net niks. My moed het in my skoene begin sak, want ek kon nie verstaan wat aangaan nie (boonop het daar nie eers ENIGE voertuig verby my gegaan nie, ek was stoksielalleen). Dis toe dat ek besluit dat die wêreld vergaan het en ek die enigste persoon is wat oorgebly het.

“Ek begin toe maar stap, want dit moet net begin ligraak, maar nee, dit wil ook nie gebeur nie.

Ek begin toe maar weer draf en net toe ek weer om 'n draai gaan, toe sien ek vir Altus en Anja – en ek kon nie meer opgewonde wees nie – daar is toe wel lewe! Met nog 2 km oor, het hulle saam my gedraf en op die laaste kilometer het Altus en Anja my handegevat en so het ons saam-saam die laaste kilometer voltooi met die wete dat ek nie alleen is nie en dat God vir my hierdie twee persone gestuur het om my te help.

“Wat ek hieruit geleer het, is dat God ook soms vir jou goed in jou pad sit waarvoor jy nie gereed is nie (soos die dag uit Clanwilliam uit). En al voel jy soms verlate omdat daar niemand is om jou te help nie, al sukkel jy ook om daarvoor te kom en vat dit dalk lank, Hy sal jou help en die regte mense oor jou pad stuur wanneer jy sy krag die nodigste het.”

## Bybelstudieman

**Sam Brookes** (S81,82) het van hom laat hoor en aan *Stappie* vertel wat sedert *Atlete vir Christus* in sy lewe gebeur het.

“Ná Stellenbosch begin ek vanaf 1985 tot 1987 op Hopetown as Biologie- en Skeinatonderwyser skoolhou. Dit was ’n goeie tyd, veral omdat ek my vrou, Tonkie (toe Mathewson) daar ontmoet het. Sy was ’n sendeling en ek het haar vir drie jaar nooit ontmoet nie, alhoewel ons as jeug dikwels by haar ma se huis ná kerk bymekaar gekom het om te sing. Ek het net die foto’s van die drie mooi dogters teen die gangmuur gesien. Maar soos die Here dit wou hê, het ek haar toe uiteindelik ontmoet, drie maande voordat ek Hopetown sou verlaat om onderwys in die Kaap te gee by die Hoërskool Table View as Biologie- en Algemene Wetenskap-onderwyser. Ek was by Table View vir 7 jaar. Ek en Tonkie is in 1988 getroud.



*Van links na regs: Sam, Tonkie, Elénette en Ilse.*

“In 1991 trek ons in ons huis in Edgemoed in en raak ek betrokke as jeugleier van die hoërskooljeug van die Evangelies Gereformeerde Kerk Tygerberg. In 1994 word ons eersteling, Elénette, gebore en roep die Here my tot voltydse diens. In 1995 begin ek, saam met my gesin, my opleiding as predikant aan die Kweekskool van die Evangelies Gereformeerde Kerk in Heidelberg, Transvaal. Ilse word in 1996 gebore.

“Ná my opleiding keer ons terug na ons tuisgemeente waar ek my internskap in 1999 voltooi. In dié jaar kruis my pad met *Precept Ministries*, ’n internasionale Bybelstudiebediening wat in 1970 in Chattanooga, Tennessee, ontstaan het onder die leiding van Jack en Kay Arthur. Ek en Tonkie ontvang in Augustus by hulle opleiding en hulle nader my toe om die Afrikaanse werk in Suid-Afrika te begin. Dit het in die eerste plek vertaalwerk behels, maar uiteindelik sou ek ook as opleier gewone lidmate moes oplei om effektief, verantwoordelik Bybelstudie te kan doen. Ons gebruik die induktiewe metode vir Bybelstudie, wat in kort neerkom op verantwoordelike eksegeese gebaseer op gesonde herme-

neutiese beginsels wat so verbruikersvriendelik gemaak is dat enigeen wat kan lees, effektief Bybelstudie kan doen, en so die waarheid van die Skrif vir hom-/haarself te ontdek.

“Ek is nou reeds vir 13 jaar by Precept Ministries werksaam. Ons bediening het sedert 1970 uitgebrei en is vandag in 185 lande werksaam en in 70 tale. Ek is tans die Vertalingskoördineerder vir Afrika, asook die enigste opleier in Afrikaans. Ek is die eindredakteur van ons vertaalwerk wat deur ’n span van drie vertalers gedoen word. Ek doen ook die formatering van ons Afrikaanse drukwerk. Dan vlieg en ry ek ook oor die hele land om ons bediening bekend te stel en opleiding in gemeentes aan te bied. Ek het ook al die voor-reg gehad om tot so ver as in Nairobi mense op te lei hoe om Bybelstudie te doen.

“Die Here het my gesien met ’n wonderlike gesin: ’n vrou wat my deur dik en dun in my bediening bystaan, asook twee wonderlike dogters wat die Here met oorgawe dien en liefhet. Elénette is eerstejaar op Stellenbosch en studeer BCom LLB. Sy is in Harmonie. Ilse is tans in graad 10 en het ’n besondere liefde en aanvoeling vir tale. Sy skryf graag gedigte.” As jy wil kontak maak: samb@precept.org.za of: www.precept.org.za

## Die mense doen dit

**Altus Treurnicht** (S13) het aan **Stappie** gesê dit is regtig moeilik om vanjaar se toer in ’n paar woorde te beskryf. “Al



my verwagting is heeltemal oortref te danke aan die ongelooflike groep mense wat saam met my getoer het. Die feit dat ons omtrent nooit vir mekaar moeggeraak het nie, selfs in die tye waar almal uitgeput was, is net besonders. Ons kon altyd lekker saam lag en mekaar emosioneel en geestelik ondersteun waneer dit nodig was.

As ek een ding moet uitsonder van die toer wat vir my baie spesiaal was, is dit sekerlik die mense wat ons op ons pad ondersteun het. Elke gasouer wat hulle deure vir ons oopgemaak het, elke brassie waar ons net wou slaap na die tyd van die versadigheid, elke brandstofborg wat die busse se wiele laat draai het en selfs die mense wat ons saans kom ondersteun het by ons optredes. Dit het my net weer eens laat besef hoe groot ons God is en hoe hy altyd sal voorsien aan ons behoeftes.”



## In 'n ander man se skoene

**Marnu Meyer** (S11,12,A13), vanjaar se toerleier, het aan *Stappie* gesê dat elke oud-Atleet sal weet waarvan hy praat as hy sê dat dit onmoontlik is om jou ervarings van AvC op papier neer te sit. Van die drie jaar wat hy al met *Alete vir Christus* saamkom, was vanjaar se ervarings myle bo die vorige twee.



“Vanjaar was die eerste keer dat ek op AvC een van die drawwers was. Elke skof was op sy unieke manier 'n uitsondering, ongeag hoe lekker of moeilik dit altyd was? Daar was 'n paar skofte wat wel uitgestaan het.

“Ek het teen die einde van my eerste week ernstige blase ontwikkel en moes toe die Saterdag

uitsit – enige drawwer kan getuig, dis nooit lekker nie. Teen Sondagaand het ek nog gesukkel om te loop, maar het uit hardkoppigheid besluit dat ek wel môre gaan draf. Nadat die volk daardie aand gaan slaap het, trek ek my tekkies aan en draf op en af in die gange van die jeugsentrum op Carnarvon. Ek het skaars 14 meter gedraf toe raak dit eenvoudig net te seer, maar ek gáán môre draf! Ek sit net daar terwyl ek my tekkies uit trek en sê vir ons Vader dat as Hy blindes kan laat sien, mense wat verlam is, kan laat loop, wat is my blase nou in sy teenwoordigheid? Ek gaan môre draf!

“Die volgende oggend is my blase nog net so seer, en ek net so negatief. Net voordat ek van Ouboe af klim, op pad om my skof te draf, sê oom Pierre dat ek dit moet oorweeg om met iemand anders te tekkies te draf wat dalk net anders sit. Toe ek op die Knusbus klim, vertel ek dit vir **Dawid Saayman** (A10,11,12,P13) ja, hy was vanjaar 'n PW. Nog voordat ek kon klaar gepraat, is hy al uit sy tekkies uit en sê ek moet dit aanpas! Ek draf daardie middag 14 km sonder om een keer my blase te voel!

“Dis tye soos dié wat ek ons Vader se genade, krag en wysheid net weer besef. Daar kom tye in jou lewe wat jy sukkel en jy vra en vertrou op die Here om te help, Hy sê immers in sy Woord: Vra, en vir jou sal gegee word. Die Here gee nie altyd vir jou presies waarvoor jy vra nie, veral nie altyd op die tyd wat jy dit verwag nie. Soos ek daardie oggend opgestaan en verwag het dat my blase moet 100% wees en reg vir aksie. Nee, die Here sê vir my dat ek moet net luister, Hy sal voorsien.

“Dit was ongeveer 04:00, êrens in die Karoo, toe die persone op atletediens my wakker maak en sê dis amper my skof! Dit vat my so 3 km se draf om behoorlik wakker

te word. Die stilte, donkerte en koue bring my tot die besef dat ek nog nooit so in die oggend gedraf het nie! Daar is niks rondom jou nie, die bussie is 4 km vooruit, jys alleen met 'n kopflits en duisende sterre wat op jou afkyk, net die naggeluide en jou eie gedagtes om jou besig te hou. Toe ek heeltemal wakker is, sit ek die kopflits af wat die nag soveel mooier maak. Ná 'n tydjie besef ek dat ek nogals rondom kan sien, daar is nie son of maan nie, net die duisende sterre wat vir my lig maak! Ons Vader is groot, en kan dinge doen wat my brein breek, maar ek kyk soms die klein dinge wat Hy vir my doen, mis. Soos al daardie duisende “klein” liggies vir my die pad wys, moet ek die Here se grootheid sien in wat ons as vanselfsprekend aanvaar!



*Marnu saam met Dawid*

“Reeds op die derde dag het ons die langste skof van die toer gehad: 17 km. Daardie dag was ons ook gedruk met tyd omdat ons 'n tronkbesoek gehad het. Terwyl die die volk by die brassie was, het oom Charl my so 5 km buite Citrusdal gaan aflaaï sodat ek met my skof kan begin. Met 'n een-man-tonneltjie en waterbottel val ek in die pad. Dit was vir my baie besonders omdat ek die hele 17 km langs die Sederberge gedraf en heeldyd in Vensterberg vasgekyk het – dit is my stukkie hemel op aarde. Ons gesin gaan elke Desember vakansie daar rus. Daardie natuur het vir my ongelooflike skoonheid en om dit saam met jou familie te kan deel, is 'n ongelooflike voorreg! Dit het my laat dink oor ons Bybelstudietema: *Familie met 'n roeping*. Oom Pierre, wat self 'n familie-man is, het dit goed uitgewerk en kon ons lei en leer oor die verskeie aspekte van die geloofs familie. Reeds op die derde dag van toer het die volk al soos my familie gevoel.

“Vanuit 'n leiersoogpunt was die jaar iets wat 'n mens nie vir silwer en goud kan verruil nie. Die manier waarop die Here voorsien as jy op Hom vertrou, het vir my uitgestaan. Of dit nou was met die klanktoerusting wat gesteel is, die span wat gekies moet word, brandstof-borge, tronkbesoeke en getuïenisse, seer bene en stemme, die volk wat krag nodig het as die dag lank raak of as Jeannette weer eens geduld met my nodig gehad het! Om leier te wees van AvC vorm jou as mens op maniere wat jy self nie besef nie! Jy leer baie van jouself, waar jou sterk eienskappe is, asook jou swakste. Die Here se teenwoordigheid in jou lewe is orals. Ek wens almal kan die geleentheid kry om in die posisie te wees. Die manier waarop ek met Jeannette ook kon saamwerk en sien hoe sy dit geniet om die Here te dien was kosbaar. Ek wil vir haar dankie sê vir haar bereidwilligheid, voorbeeld, bystand en moeite. Sy was die ruggraat van AvC 2013!

## Soms net oorweldigend

“Die meeste groeplede beleef *Atlete vir Christus* as die hoogtepunt van hulle geestelike reis met die Here,” het ds **Pierre Marais** (A80,T91,13), vanjaar se toerpa, gesê. Hy het verder vir Stappie vertel: “Myns insiens het dit te doen met verskillende faktore, maar begin en eindig by die wonderlike seën wat die Here op die groep skenk.”

“Miskien het dit te doen met die offers wat gebring word – baie studente ontbeer lekker tuisvakansies, die uitreik geskied op ver paaie waar jy uit alle normale ritmes geruk word: dis vroeg opstaan en laat gaan slaap, dit is aanmekaar in ander se geselskap, daar is pyn, seer knieë, spiere en blase op die voete, soms ook siektes en probleme met voertuie, partykeer slaap die groep sommer in ’n kerksaal op die vloer, dis koud, soms draf die atlete deur sneeu, maar die Here gee ’n seën op hierdie offer wat goud en silwer in waarde oorskry.

“En verder – om die liefde te ervaar van vreemde gasouers (deel van die geloofsfamilie), om jouself in die natuur en Skriftuur só te bevind, tussen berge en dale, ooptes en valleie op afgeleë paaie, om ’n slag die geluide van die nag te ervaar, die sonsopkoms, die vars reuk van die Karoogrond, om verbyster te word deur die rykdom van die Here se Woord, die grote God se omgang met mense en hoe Hy voorsien, om as gesant te dien wat mag praat oor Jesus se offerdaad en die groot Versoening, om mense te bedien met die boodskap dat God vir ons ’n plan het, om te sien hoe mense voor jou reageer – ook mense in die gevangenis, hoe hulle bemoedig word, geïnspireer word en om self met die Here te verkeer waar jy gestroop is van ’n klomp van jou sekerhede, om saam met ’n groepie vriende wat soos familie word, te wees, die vreugdes en die hartseer saam te belewe en werklik een van hart en strewte te word, maak die Atlete-ervaring iets onvergeetlik!

“Ja, dit is ondanks die offer en die ongemak ook iets van ’n ideale geestelike omgewing, want ons is weg van baie van die doodloopsituasies waarin ook gelowiges beland, maar juis dit is so bemoedigend omdat dit iets in die gemoed dra (as ons dit mag sê) van hoe dit dalk in die hemel sal wees! Geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde.

“Die jongmense se oorgawe in geloof is treffend. Nie sonder vrae nie, maar hulle besluit om in die geloof te leef en dit met oorgawe te doen, laat ’n mens dink aan wat iemand gesê het: As ’n mens dit wat jy in die Bybel kan verstaan, doen, het jy nie genoeg tyd en energie om besig te wees met die dinge wat jy nie kan verstaan nie!



*Die toerpa in sy element tydens die toer*

“Die atlete se vreugde wanneer hulle draf vir Jesus, die sanggroep se liedere wat op elkeen groei, die vrymoedigheid om te getuig, die Persoonlike Werkers se gedagtes soos die Here aan hulle gegee, is alles dinge wat die groep inspireer.

“Die studente se nimmereindigende energie aangevuur deur die hoop dat daar ’n verrassing van die Here om die draai lê, ’n openbaring van sy teenwoordigheid in die stilte en die skoonheid en grootsheid van die natuur, in sy Woord, in die gemeenskap van gelowiges, versterk die groep onderling en as die energie dreig om te taan, kom die personeel van Hospitaaltyd om met allerlei snaaksighede die lagspiere te prikkel. Een van die mees wonderlike momente van die Atlete-uitreik na verafgeleë plekkies van ons land, lê juis daarin dat hulle hoopdraers is en dat daar iets van hierdie energie na die groter “familie” oorgedra word. Dit is vir grootmense en kinders soos ’n aangename geur wat die mufreuke uitwaai om die vars, verfrissende reuk van die evangelie in te blaas. Van die lewens wat radikaal verander, hoor ons soms, maar daardie verhale sal ons sekerlik eers in die hiernamaals ten volle hoor.

“Maar van alles is die liefde die grootste. Die ervarings binne die groep van egte omgee, van saam lag en saam treur, van saam opgewonde raak, saam ontdek, van waardering betoon, van saam aanbid, is iets wat so anders op die uitreik geskied as elders. Dit soms net oorweldigend.”

## Dans in die stilte

**Charné Brynard** (S11,12,13) vertel woorde sal nooit die ervaring wat sy die jaar gehad het, kan beskryf nie. “God se teenwoordigheid, sy liefde en sy absolute grootheid is weer maal duisend vir my bevestig. Op pad na Jansenville het ek iets beleef wat vir my baie beteken het. Ons het daardie oggend vir die eerste keer tydens die toer kans gekry om alleen te kon klipsit. Ek het in dié tyd met God gesels en vir Hom gevra om deur die stilte en absolute natuurskoon om my, my hand te vat en dit nooit te los nie. Hy moet ook ná toer, wanneer ek terug is in die warboel van Stellenbosch, ook by my te wees.

“Aan die einde van klipsit het ons elkeen ’n boodskappie van ’n medespanlid ontvang (niemand het geweet wie, wie se kaartjie kry nie). Op my kaartjie het gestaan: *Ek bid God se seën en liefde op jou toe. Mag jy die res van jou lewe bewus wees van sy getrouheid en liefde en genade. Vat sy hand en dans met Hom in die stilte wat Hy jou gee.*



“Dit was ’n oomblik van so baie emosies, gevoelens en opgewondenheid wat ek ervaar het – net deur na God se stem en sy teenwoordigheid te luister. Daar is so baie ander dinge wat ek van die toer wil deel, maar ek sal ’n boek nodig hê vir alles wat ek wil sê: die vriendskappe, die verhoudings en die verskeie standvastige platforms wat tydens die toer

gevorm is, het my weer eens laat besef dat saam met God en in sy teenwoordigheid ontmoet ’n mens vriende en mense wat jou vir die res van jou LEWE vir altyd sal bystaan, ondersteun en dra wanneer dit swaargaan.

Met Fabeltjies 3 (waar ons almal se stories en ervarings kon hoor, was een van die spesiaalste en mees aangrypende oomblike ooit. Al die dinge wat ek op toer beleef en ervaar het, sou ek nie met enigiemand anders behalwe die mense wat saam was, kon deel nie, want God het ons almal saam geplaas vir ’n rede en daardeur het ons sy liefde, grootheid en krag saam ervaar. Ek wou nie volgende jaar weer toer nie, maar ek glo en vertrou as dinge uitwerk soos dit moet, sal ek beslis weer op die toer gaan. ’n Mens kan vir die een of ander rede net nie genoeg kry van die wonderlike, verrykende toer nie.”

## In die middel van nêrens

**Eugene Marais** (S13) skryf opgewonde:



“Daar in die middel van nêrens,  
in die Noordkaap êrens,  
daar het U ’n plan: U het my aan die hand geneem.  
Uiteindelik hoor U my siel  
wat hard en uitbarstig uit my skree,  
met pyne so diep soos die donker van ’n hart wat sonder U lewe.  
Ek kon nie anders as voor in u kerk staan en bewe nie:  
bewe, want u liefde prikkel deur my hele lyf.  
U is vir my soos ’n goeie nagrus, my liggaam vervul met u krag,  
dit borrel, dit prikkel, loop,

U liefde gee my hoop,  
maar soms kom die twyfel,  
soms voel ek swak, broos.  
Dankie, Here,  
vir die mense wat U in my lewe plaas om my te troos.  
Ek wil U uitspattig prys so hard dat engele skud van hoendervleis.  
U Naam wil ek besing, my lewe altyd met U omring.  
Hoe anders kan ek as om net te glimlag,  
nee, uit te bars van ’n uitspattige genot,  
omdat ek weet U is my Here God.”

## Tronk



Tydens vanjaar se toer is besoek gebring aan die tronke op Ceres, Calvinia, Victoria-Wes, Graaff-Reinet, Prince Albert en Ladismith. Die toerfondse is weer vir Bybelstudiegedise vir gevanges.

## Klub 50 vir die leidster

**Jeanette Marais (A10,11,12,13)**, vanjaar se leidster, het tydens die toer lid van die eksklusiewe *Klub 50* geword. Toe **Stappie** met haar gepraat het, het sy gesê: “Ek is lief vir *Atlete*, dis my hart my passie en alles wat ek wil doen. Die Here het my hart vir *Atlete* aan die brand gesteek, die dag wat ek begin hardloop het. Toe my tekkies die teer tref met my eerste skof, het hierdie vlam in ’n veldbrand ontaard en toe het die Suidooste-wind opgesteek, en later beslis ’n petrolborg of twee bygekry. Ek kan nou nog onthou met hoeveel trots en eer ek met *Atlete vir Christus* op my frokkie gedruk gehardloop het, onbeskryflik. En nou, het die paaie met gelei tot die voorreg om leidster te wees van ’n ongelooflike groep mense wat ’n besondere pad met die Here gestap het, my hart en hand in Syne.



Janette saam met die toerleier, Marnu Meyer

## Die alternatief

**Stoffel Fivas (A13)** vertel dat hy tydens die byna drie weke van vanjaar se toer, nie net ’n groep nuwe vriende gemaak nie, maar ’n hele nuwe familie bygekry het. “Die liefde en omgee in die groep was aansteeklik en kan ’n mens dit nie help om vir een en elk lief te word nie. Ja, drie weke kan in normale omstandighede lank raak, maar saam ’n groep lekker mense soos dié, wens ’n mens daar is nóg drie weke oor. Vandag is ek baie bly dat ek nie besluit het om vir die drie weke net by die huis te bly en vakansie te hou nie, maar om op *Atlete vir Christus* te gaan en een van die lekkerste vakansies gehad het, waar ek so baie kon leer.

“*Atlete vir Christus* het my geleer om in alles wat ek doen die Here te soek en te luister wat Hy vir my wil sê. Deur die maklike en moeilike tye op die pad het ek net besef dat die Here letterlik elke tree saam my draf en dat Hy my nooit sal los nie – dit maak nie saak hoe moeg of hoe seer ek is nie, Hy het ’n uitweg. Terugslae het my wel getref en, ja, ek het op daardie oomblikke gedink hoekom gebeur dit altyd met my, maar dit het my ook baie laat dink. Ek het besef dat die Here altyd ’n plan vir mens se lewe het, al is dit nie soos jy dit nie soos jy dit wil hê nie, Hy sal altyd die beter pad vir ’n mens kies. Ek het elke dag my skof gehard-loop met ’n aanhaling wat ek tydens die toer gekry het. ek altyd sal onthou. *Don't measure the size of the mountain, talk to one who can move it.* Ek sal dit altyd onthou.”

## Adresse

Teen die einde van die jaar is daar gewoonlik heelwat epos-adresse wat verander. Dit sal baie gaaf wees as jy *Stappie* in kennis sal stel as jou elektroniese adres verander. Met elke uitgawe is daar ’n hele aantal *Stappies* wat onafgelewer terugkom.

As jy gedurende die volgende klompie dae ’n oud-Atleet raakloop, moet jy vra of hy/sy *Stappie* gekry het. As dit nie gebeur het nie, moet jy asseblief die persoon se epos-adres vra en aanstuur. Dit sal baie waardeer word.

## Stappie

Die volgende uitgawe van **Stappie** verskyn aan die begin van volgende jaar. Laat gerus ook van jou hoor. Vertel ons van jou doen en late – en stuur gerus ’n foto of twee saam.

Stappie

Blouvlieweg 56, Wellington 7655

Sel: 079 524 4541

Tel: 021 873 2768

Epos: diebolle@patat.co.za



Stoffel in aksie



Waardeer die stilte



Die sanggroep in aksie tydens die toer



Tonneltjies het nog hulle ereplek – met die tradisionele laatkommers



Die Karoepad met Dawid Saayman (atletediens) en Pieter Gildenhuis



Stoffel Fivaz en Stephan Nieuwoudt met die vaandel lei Marnu Meyer die dorp in



Dit was **Stephan Nieuwoudt** (S12, A13) se tweede toer – maar sy eerste as atleet. “As drawwer het ek nuwe uitdagings gehad en het die Here op ander maniere ervaar. Ons gedeelte deur die Karoo was vir my baie lekker. Op die pad was dit net ek en die wind, en so nou en dan ’n kar. Hier het ek die stilte leer waardeer, en benut om tyd met Hom te spandeer. Dit is ook op die Karoopaie waar ons as groep ‘gebond’ het.

“Prins Albert was ’n baie lekker naweekdorp waar ons heerlik saam kon braai. Die beste dag vir my was toe ons oor die Swartbergpas is. Al die gasouers was vir my spesiaal en ook hoe die oud-atlete ons op die pad ondersteun het.

“Ek het geleer om dankbaar te wees voor God vir alles wat jy het en dat jy moet tyd maak om stil te raak voor Hom.”